NEUTROG FERTILISERS
The Experts' Choice.

feedback

Uitgawe 6

Rustenberg
'n Werk Vir Elke Seisoen
Sudden Impact for Roses
Moskee in Mayfair

www.neutrog.co.za

Rustenberg

Die eienaars van Rustenberg, 'n familieplaas buite Stellenbosch, streef daarna om van die plaas 'n rolspeler in die moderne internasionale wynbedryf te maak, sonder om tradisionele waardes prys te gee. Rustenberg, wat in die laat 17de eeu gevestig is, is een van die Kaap se historiese wynlandgoedere. Die oorspronklike eiendom is in die 19de eeu in twee verdeel. Die twee gedeeltes van die landgoed is egter in 1941 weer verenig toe dit deur Peter en Pamela Barlow gekoop is.

Die Barlows het aanvanklik net vir Rustenberg in 1941 aangeskaf, voordat hulle die twee eiendomme met die latere verkryging van Schoongezicht gekonsolideer het. Hul seun Simon en sy vrou Rozanne het die bestuur van die plaas in 1987 oorgeneem. Die Barlows is nou al vir langer as 60 jaar op die plaas, die langste onafgebroke tydperk wat enige familie nog ooit die plaas besit het. Besoekers word aangemoedig om die plaas te besoek om die rus en vrede, asook die indrukwekkende natuurskoon, te geniet wat van Rustenberg so 'n spesiale plek maak. Rustenberg spog ook met 'n lang geskiedenis van pragtige tuine, 'n tradisie wat daadwerklik deur Rozanne Barlow voortgesit word. Sy het in 2001 begin om die ou tuin op Schoongezicht skoon te maak en om die pragtige nuwe tuine aan te lê wat oor die jare net in skoonheid en roem toegeneem het. Sy het in 2007 vir Pietman Diener as hooftuinier aangestel om haar met die onderhoud en bestuuur van die tuine op die plaas by te staan.

Rozanne het sommige van die ou kenmerke van die tuin behou en ander weer gewysig. Sy het byvoorbeeld die swembad in 'n leliedam omskep, maar die prieel, wat uit 1892 dateer en baie atmosfeer aan die tuin verleen, behou. Die tuin is in vier afdelings verdeel en elkeen word keurig versorg, dog met die behoud van 'n natuurlike gevoel soos dié van 'n tipiese Engelse tuin.

Bounce Back en Rapid Raiser word saam met mis by aanplanting toegedien, terwyl Blade Runner op alle grasperke aangewend word. Rozanne gebruik Neutrog-produkte reeds sedert sy die tuinwerk oorgeneem het. Pietman is ewe geesdriftig oor Neutrog aangesien ondervinding hom geleer het dat hy die beste resultate daarmee behaal. "Oral waar ek Neutrog gebruik, sien ek groot verbetering," sê Pietman.

Om op so 'n groot skaal tuin te maak, het gelei tot die oprigting van 'n eie kwekery op die plaas. Die kwekery voorsien die plaas se tuine, asook dié van omringende plase, van jong

plante. "Ons gebruik Neutrog-produkte om die plantjies in die kwekery te voed en hul gesondheid te verseker," sê Pietman. Talle interessante plantsoorte word in die kwekery gekweek, sommige waarvan te koop aangebied word op die kermis vir seldsame plante wat elke April op Rustenberg gehou word. Hierdie seldsame plante uit die plaas se kwekery het net verder tot die roem van die tuine bygedra. Pietman is nie min trots op sy steggies en plantjies wat so gesog op Rustenberg se plantkermis is nie.

Rustenberg se tuine is oop vir die publiek. Besoekers is welkom om hier te kom ontspan en die prag van die tuine en die bekoorlike natuurgeluide te geniet, terwyl hulle die ewe roemryke wyne van Rustenberg op die proef stel.

Jou tuin sal dol wees oor SEAMUNGUS™

"Binnekort te kry"

- Ideaal as **winterbemesting** vir alle plante, veral rose.
- Die ideale **plantkos** vir alle plante, insluitende "oopwortelrose".
- 'n Puik **gesondheidsopknapper** om enige plant, inheemse plante ingesluit, dwarsdeur die jaar van nuwe lewe te voorsien.

'n Wenk Vir Elke Seisoen

SOMER

Gebruik 'n "lewende grondbedekker" om die grond in jou blombeddings koel te hou. Dit sal waterverlies uit die grond, sowel as grond- en wortelpatogene, verminder. 'n Goeie keuse sal die grondbedekker otholobium decumbens wees. Hierdie platgroeiende plant spog met pragtige pienk blomme en boonop is dit nog 'n stikstofbinder ook.

HERFS

Knip die groeipunte van kruidagtige plante versigtig uit. Dit sal 'n ruie groeigewoonte bevorder en 'n oorvloed van blomme verseker.

WINTER

Onthou om houtagtige struike soos salvia chameleagnea (blousalie) en hypoestes aristata (lintbos) tot feitlik op die grond terug te sny. Dit mag dalk effe drasties klink, maar dit sal die plant in staat stel om nuwe lote uit te stoot en homself in 'n welige nuwe plant om te tower.

LENTE

Voed jou plante met bemestingstowwe wat mikrovoedingstowwe soos yster, magnesium en koper bevat. Dit bevorder gesonde, welige en pragtige plante.

Terugvoer: Sudden Impact for Roses

Beste Neutrog

Net 'n kort briefie om u te laat weet dat u produk, Sudden Impact For Roses, beslis 'n vinnige impak op my rose gehad het! Die kleure is donkerder, die blare blink en groter en my rose lyk sommer net in die algemeen soveel gesonder.

Trouens, ek was so beïndruk met die resultate dat ek die produk by al my vriende en familielede aanbeveel het.

Nogmaals baie dankie.

Die uwe

Mev. P Swanepoel

Moskee in Mayfair

Mayfair se moskee is in die suide van Johannesburg, Gauteng, geleë en spog met pragtige en uitgestrekte roostuine.

Fatima Mia is die kuratrise van die moskee se tuine. Neutrog borg die tuine reeds sedert die begin van 2008 met Sudden Impact For Roses. Fatima het Neutrog onlangs genooi om die rose te kom besigtig aangesien hulle sedert die toediening van Sudden Impact For Roses skouspelagtige resultate gelewer het. Ons was verheug om te sien hoe pragtig die rose lyk en kon beswaarlik gelukkiger wees met die wonderlike resultate wat Fatima met haar rose behaal het.

www.neutrog.co.za

Neutrog Africa Edms.
Bpk., Posbus 81 Philadelphia
7304

T (021) 972 1958
F 086 672 2328
E info@neutrog.co.za

NEUTROG FERTILISERS
The Experts' Choice.